**LAERSKOOL KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# LAERSKOOL KRUGERPARK SELFOONBELEID

Selfone is 'n belangrike manier van kommunikasie maar ons moet weet die gebruik of misbruik daarvan, veral by leerders beïnvloed hulle etiese asook hul veiligheid.

GEVARE:

- Leerders wat selfone dra en gebruik in die publiek veral wanneer hulle vervoer word van en na die skool het 'n teiken geword vir kriminele wat hulle van hul selfone en ander besittings beroof. Selfone word geroof veral omdat hulle duur is of die nuutste modelle is.
- Steel van selfone uit skooltasse en baadjies is 'n probleem. Soms lê dit rond of tasse word onbeman gelos.
- Selfone kan gedurende eksamens gebruik word om te kul.
- Leerders met lae vlakke van selfdissipline, swak konsentrasievlakke en swak werksetiek se aandag word deur selfone afgelei. (Kletskamers hou 'n groot gevaar vir leerders in).
- Selfone stel leerders bloot aan toenadering deur onwelvoeglike volwassenes bv. kriminele en pedofiele.
- Leerders wat ten spyte van die reëls selfone skooltoe bring moet dit afsit (nie silent nie) en dit mag glad nie gesien word nie.

LEERDERS:

- Selfoon gebruik word nie toegelaat gedurende skoolure nie.
- Indien 'n leerder 'n selfoon in skoolure gebruik, kan dit deur die onderwyser gekonfiskeer word.
- Die selfoon moet dan deur die leerder se ouer of voog uitgeteken word by ontvangs na skool.
- 'n Selfoon sal gekonfiskeer word as dit onwelvoeglike, eksplisiete of pornografiese materiaal bevat.
- Die selfoon moet ook deur die leerder se ouer of voog uitgeteken word by ontvangs na skool.

- Die betrokke leerder se ouers sal telefonies in kennis gestel word van gekonfiskeerde selfoon.
- Geen selfone word in eksamenlokale toegelaat nie.

PERSONEEL:

- Geen personeellid mag 'n selfoonoproep ontvang of maak tydens klastyd nie.
- Indien 'n personeellid 'n uiters dringende oproep gaan ontvang mag slegs toestemming by die Hoof verkry word om die selfoonoproep te ontvang.

Die skool word nie aanspreeklik gehou vir verlore of gesteelde selfone nie - ongeag die omstandighede. Dit geld ook vir selfone wat by onderwysers ingehandig is of afrigters of as dit gekonfiskeer is deur die onderwyser (in skoolure).

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

______________________________ ______________________________

Beheerliggaamvoorsitter Hoof: Laerskool Krugerpark